



# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

6 d

Maandag, 15 September 1930.

WINDHOEK

Monday, 15th September, 1930.

No. 384

## INHOUD.

## CONTENTS.

	Bladsy		Page
<b>Proklamasies —</b>		<b>Proclamations —</b>	
No. 28. Verdaging van die Wetgewende Vergadering . . . . .	6633	No. 28. Prorogation of the Legislative Assembly . . . . .	6633
No. 29. Bankeproklamasie 1930 . . . . .	6633	No. 29. Banks Proclamation, 1930 . . . . .	6633
<b>Goewermentskennisgewings —</b>		<b>Government Notices —</b>	
No. 169. Dorpsbestuursraad Warmbad: Benoeming van lid . . . . .	6646	No. 169. Village Management Board, Warmbad: Appointment of Member . . . . .	6646
No. 170. Registrasieamptenaar, Grootfontein Kiesafdeling: Benoeming van . . . . .	6646	No. 170. Registering Officer, Grootfontein, Electoral Division: Appointment of . . . . .	6646
No. 171. Munisipaliteit van Luderitz: Straat- en Verkeerregulasies . . . . .	6647	No. 171. Municipality of Luderitz: Street and Traffic Regulations . . . . .	6647
No. 172. Wetgewende Vergadering: Benoemde lid . . . . .	6656	No. 172. Legislative Assembly: Nominated Member . . . . .	6656
No. 173. Naturellekommissaris, en Hoofnaturellekommissaris: Aanstelling van . . . . .	6656	No. 173. Native Commissioner and Chief Native Commissioner: Appointment as . . . . .	6656
No. 174. Sanitêre Foon: Naturellokasie, Gibeon . . . . .	6657	No. 174. Sanitary Fees: Gibeon Native Location . . . . .	6657
No. 175. Kommissaris van Ede: Benoeming en herroeping van: Distrik Gibeon . . . . .	6657	No. 175. Commissioners of Oaths: Designation and cancellation of: Gibeon district. . . . .	6657
No. 176. Registrasieamptenaar, Kiesafdeling Windhoek: Benoeming van . . . . .	6657	No. 176. Registering Officer, Windhoek, Electoral Division: Appointment of . . . . .	6657
No. 177. Konstituering van Howe van Naturellekommissaris . . . . .	6657	No. 177. Constitution of Courts of Native Commissioners . . . . .	6657
No. 178. Instelling van geslote gebied vir vee . . . . .	6658	No. 178. Establishment of closed area for stock . . . . .	6658
<b>Algemene Kennisgewings —</b>		<b>General Notices —</b>	
No. 33. Verandering van Algemene Plan van Windhoek: Sluiting van deel van Sesde Straat . . . . .	6658	No. 33. Alteration of General Plan of Windhoek: Closing part of 6th Street . . . . .	6658
No. 34. Verandering van Algemene Plan van Windhoek: Sluiting van deel van Sperlingslustpad . . . . .	6658	No. 34. Alteration of General Plan of Windhoek: Closing of Sperlingslust Road . . . . .	6658
No. 35. Lys van Maatskappye geregistreer gedurende Augustus 1930 . . . . .	6659	No. 35. List of Companies registered during August, 1930 . . . . .	6659
No. 36. Lys van plase onder kwarantyn op 10 September 1930 . . . . .	6659	No. 36. List of farms under quarantine as at 10th September, 1930 . . . . .	6659
<b>Advertensies —</b>		<b>Advertisements —</b>	
Boedelkennisgewings ens., ens. . . . .	6659	Estate Notices, etc., etc. . . . .	6659

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE ALBERTUS JOHANNES WERTH,  
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 28 van 1930.]

Verdrag van die  
Wetgewende  
Vergadering.

NADEMAAL deur onderartikel (3) van artikel *neëntien* van die "Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925" van die Parlement van die Unie van Suidafrika voorsiening gemaak word dat die Administrateur van tyd tot tyd deur Proklamasie die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika kan verdaag;

EN NADEMAAL dit wenslik is dat die Wetgewende Vergadering verdaag word;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid en mag my verleen, deur hierdie Proklamasie die genoemde Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika verdaag tot die eerste dag van Desember 1930.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my handtekening en seël te Windhoek op hierdie agste dag van September 1930.

A. J. WERTH,  
Administrateur.

**PROCLAMATION**

BY HIS HONOUR ALBERTUS JOHANNES WERTH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 28 of 1930.]

WHEREAS by sub-section (3) of section *nineteen* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, it is provided that the Administrator may from time to time by Proclamation prorogue the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa;

AND WHEREAS it is expedient that the Assembly should be prorogued;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation prorogue the said Legislative Assembly for the Territory of South West Africa until the first day of December, 1930.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this eighth day of September, 1930.

A. J. WERTH,  
Administrator.

Prorogation of the  
Legislative  
Assembly.

**PROKLAMATION**

DURCH SEINE EXZELLENZ ALBERTUS JOHANNES  
WERTH, ADMINISTRATOR VON SÜDWESTAFRIKA.

Nr. 28 van 1930.]

DA durch Absatz (3) von Paragraph *neunzehn* des Südwestafrika-Verfassungsgesetzes 1925 des Parlaments der Union von Südafrika vorgesehen ist, daß der Administrator von Zeit zu Zeit den Landesrat für das Gebiet Südwestafrika durch Proklamation vertagen kann;

UND DA es wünschenswert ist, die Versammlung zu vertagen;

SO vertage ich, kraft der mir verliehenen Befugnisse, durch diese Proklamation den genannten Landesrat für das Gebiet Südwestafrika auf den 1. Tag des Monats Dezember 1930.

GOTT ERHALTE DEN KOENIG.

Urkundlich unter meiner eigenhändigen Unterschrift und begedrucktem Insiegel, gegeben Windhoek, den 8. September 1930.

A. J. WERTH,  
Administrator.

No. 29 van 1930.]

NADEMAAL dit dienstig is om voorsiening te maak vir die voorwaardes waaronder banke toegelaat sal word om bankbesigheid te drywe, om die uitgifte van banknote te reël en om die wet aangaande die muntwese van die Gebied Suidwes-Afrika te reël;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak as volg:—

INLEIDING.

1. In hierdie Proklamasie, tensy die samehang anders vereis—

beteken en omvat "bank" en "bankier" elke persoon, firma, koöperatiewe vereniging of maatskappy, wat die woorde "bank" of "bankier" of "bankwese" of enige woorde, wat daarmee ekwivalent is, in sy beskrywing of tiel gebruik en elke persoon, firma, koöperatiewe vereniging of maatskappy, wat depositos van geld ontvang of aanneem onderhewig aan terugtrekking deur middel van 'n tjek, wissel of order, of wat geldlenings of geldkrediete gee;

beteken "banknoot" enige wisselbrief, wissel of noot in omloop deur enige bank uitgereik vir betaling van geld aan toonder op aanvraag, of wat die houer geregtig of bedoel is om hom te geregtig op betaling van enige geldsom sonder endossement of sonder enige verder endossement, as wat tydens die uitreiking daarop mag bestaan, onverskillig of dit so uitgereik is al dan nie;

Woordbepaling.

No. 29 of 1930.]

WHEREAS it is expedient to provide for the conditions under which banks shall be permitted to carry on the business of banking, to regulate the issue of bank-notes, and to amend the law relating to the currency of the Territory of South West Africa;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

PRELIMINARY.

1. In this Proclamation, unless the context otherwise requires—

"bank" or "banker" means and includes every person, firm, co-operative society or company using in its description or title the words "bank" or "banker" or "banking" or any words equivalent thereto, and every person, firm, co-operative society or company receiving or accepting deposits of money subject to withdrawal by cheque, draft or order, and granting loans or credits of money;

"bank-note" means any bill, draft or circulating note issued by any bank for payment of money to bearer on demand, or entitling or being intended to entitle the holder without endorsement, or without any further endorsement than may exist thereon at the time of issue, to the payment of any sum of money on demand, whether the same be so expressed or not;

Interpretation of  
terms.

beteken en omvat "maatskappy" elke maatskappy, wat ingelyf is by of kragtens die wette van hierdie Gebied of by of kragtens die wette van of deur oktrooibrief uitgereik in 'n land ander as hierdie Gebied;

beteken en omvat "koöperatiewe vereniging" elke koöperatiewe landbouvereniging, elke koöperatiewe landboumaatskappy en elke koöperatiewe handelsvereniging geregistreer kragtens die bepalinge van "De Koöperatie Proklamasie 1922" (Proklamasie No. 19 van 1922);

beteken "op aanvraag betaalbare depositos" al die depositos wat op aanvraag of binne dertig dae of na 'n kennisgewing van minder as dertig dae betaalbaar is; beteken "tyddepositos" al die depositos, wat na dertig dae of na 'n kennisgewing van nie minder as dertig dae nie betaalbaar is; die uitdrukkings "op aanvraag opvorderbare verpligtings" en "tydverpligtings" het ooreenkomstige betekenis;

beteken "aandeel" 'n aandeel in die aandelekapitaal van 'n maatskappy, wat die besigheid van 'n bankier drywe, en sluit effekte in, en "aandeelhouer" omvat 'n effektehouer;

beteken "Suid-Afrikaanse Reserwebank" die Suid-Afrikaanse Reserwebank opgerig deur "De Betaalmiddelen en Bank Wet 1920" (Wet No. 31 van 1920), van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika.

Vir die doeleindes van hierdie Proklamasie sal elke banknoot, wat nie in die besit van die bank, wat dit uitgegee het, of enige van sy takke is nie, geag word in omloop te wees.

REGISTRASIE EN LISENSIERING VAN BANKE.

2. (1) Geen persoon, firma, maatskappy of koöperatiewe vereniging mag die besigheid van 'n bankier in die gebied drywe nie, tensy hy in besit is van 'n registrasiesertifikaat en 'n lopende lisensie vir die doel uitgereik, soos hierinlater voorgesien, en elke persoon, firma, maatskappy of koöperatiewe vereniging, wat sodanige besigheid in die Gebied drywe, sonder dat hy in besit van sodanige sertifikaat en lisensie is, is skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete van hoogstens vyfhonderd pond of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(2) Elke applikasie vir registrasie kragtens hierdie Proklamasie moet by die Administrateur gemaak word, moet in geskrif wees, moet onderteken word—

- (a) as die hoofkantoor van die bank binne die Gebied is, deur twee direkteurs van die bank; en
- (b) as die hoofkantoor van die bank buite die Gebied is, deur die hoofagent van die bank in die Gebied,

en moet die volgende informasie en dokumente bevat of daardeur vergesel wees:—

- (i) die ligging van die hoofkantoor van die bank;
- (ii) die name van die voorsitter en direkteurs, die name van die hoofamptenare aan die bestuur van die bank verbonde en die name van die ouditeurs;
- (iii) 'n eksemplaar van die wet, oktrooibrief, akte wat die saamstelling van die bank omskryf, akte van oprigting of ander dokument, waardeur die bank gekonstitueer is;
- (iv) 'n eksemplaar van die statute, reglement of regulasies van die bank;
- (v) 'n breedvoerige opgawe van die laste en bate van die bank;
- (vi) 'n opgawe, wat die geoutoriseerde, getekende en opbetaalde kapitaal van die bank aantoon;
- (vii) 'n opgawe, waarin die name, adresse en beroepe van die persone, wat die kapitaal hou, aangegee, en waarin die aantal aandele deur elkeen gehou en die bedrag daarop betaal aangetoon is.

(3) Onderhewig aan die bepalinge van onderartikels (4) en (5) moet die Administrateur, as hy oortuig is—

- (a) dat die persone, wat in die applikasie betrokke is, en die persone, wat aan die bestuur van die bank verbonde is, van 'n goeie karakter is en die publieke vertroue sal geniet;
- (b) dat die maatskappy, wat vir registrasie appliseer, die kapitaal besit, wat nodig is om hulpbronne en uitrusting te verskaf, ten einde die besigheid, wat hy van plan is om te onderneem, veilig en suksesvol te drywe;
- (c) dat publieke gerief daardeur gedien sal word, as sodanige maatskappy toegelaat word om die besigheid van 'n bankier te drywe;
- (d) dat 'n redelike proporsie van die geoutoriseerde kapitaal van die maatskappy geteken is en minstens twintig persent van sy geoutoriseerde kapitaal opbetaal is,

die Sekretaris vir Suidwes-Afrika gelas om sodanige bank te registreer en om 'n sertifikaat van sodanige registrasie uit te reik.

(4) Slegs 'n maatskappy mag as 'n bank geregistreer word.

(5) Die Administrateur mag nie instruksies vir die registrasie van enige bank gee nie, en 'n bank mag nie registreer word nie, tensy die Administrateur oortuig is—

"company" means and includes every company incorporated by or under the laws of this Territory or by or under the laws of or by charter issued in a country other than this Territory;

"co-operative society" means and includes every co-operative agricultural society, every co-operative agricultural company and every co-operative trading society registered under the provisions of the Co-operation Proclamation, 1922 (Proclamation No. 19 of 1922);

"demand deposits" means all deposits payable on demand or within thirty days or after less than thirty days' notice: "time deposits" means all deposits payable after thirty days, or after not less than thirty days' notice;

"demand liabilities" and "time liabilities" have corresponding meanings;

"share" means a share in the share capital of a company carrying on the business of a banker and includes stock, and "shareholder" includes a holder of stock;

"South African Reserve Bank" means the South African Reserve Bank established by the Currency and Banking Act, 1920 (Act No. 31 of 1920), of the Parliament of the Union of South Africa.

For the purposes of this Proclamation every Banknote not in the possession of the Bank which issued it or any of its branches shall be deemed to be in circulation.

REGISTRATION AND LICENSING OF BANKS.

2. (1) No person, firm, company or co-operative society shall carry on the business of a banker in the Territory unless he or it is in possession of a certificate of registration and a current licence issued for the purpose, as hereinafter provided; and every person, firm, company or co-operative society which carries on such business in the Territory without being in possession of such certificate and licence shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding five hundred pounds, or, in default of payment, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one year.

Registration and licence.

(2) Every application for registration under this Proclamation shall be made to the Administrator, shall be in writing, shall be signed—

- (a) if the head office of the bank be within the Territory, by two directors of the bank; and
- (b) if the head office of the bank be outside the Territory, by the chief agent of the bank in the Territory;

and shall contain or be accompanied by the following information and documents:—

- (i) the situation of the head office of the bank;
- (ii) the names of the chairman and directors, the names of the principal officers connected with the management of the bank and the names of the auditors;
- (iii) a copy of the Act, charter, deed of settlement, memorandum of association or other document by which the bank is constituted;
- (iv) a copy of the articles of association, by-laws or rules of the bank;
- (v) a statement in detail of the Bank's liabilities and assets;
- (vi) a statement showing the capital of the bank, authorized, subscribed and paid-up; and
- (vii) a statement giving the names, addresses and occupations of the persons holding the capital of the bank and showing the number of shares held by each and the amount paid thereon.

(3) Subject to the provisions of sub-sections (4) and (5), the Administrator, if satisfied—

- (a) that the persons concerned in the application and the persons connected with the management of the bank are of good character and will command public confidence;
- (b) that the company applying for registration possesses the capital necessary to provide resources and equipment for the safe and successful conduct of the business proposed to be undertaken;
- (c) that public convenience will be served by allowing such company to carry on the business of a banker;
- (d) that a reasonable proportion of the authorized capital of the company has been subscribed and at least twenty per cent of its authorized capital has been paid up,

shall direct the Secretary for South West Africa to register such bank and to issue a certificate of such registration.

(4) Only a company shall be registered as a bank.

(5) The Administrator shall not give directions for the registration of any bank, and a bank shall not be registered, unless the Administrator is satisfied—

- (a) in die geval van 'n maatskappy geïnkorporeer deur of kragtens die wette van hierdie Gebied, dat sy opbetaalde en ongeskade kapitaal- en reserwefonds nie minder as vyftigduisend pond bedra nie, of
- (b) in die geval van 'n maatskappy, wat deur of kragtens die wette van of deur oktrooibrief uitgereik in 'n land ander as hierdie Gebied geïnkorporeer is, dat hy vir sy besigheid as 'n bankier in hierdie Gebied 'n som van nie minder as eenhonderdduisend pond nie beskikbaar gestel het.

(6) Die lisensie genoem in onderartikel (1) hiervan is geldig tot die een-en-dertigste dag van Maart daarop volgende en moet uitgereik word deur die magistraat van die distrik, waarin die hoofkantoor of hoofagentskap van die betrokke bank geleë is.

(7) In gevalle waar die verpligting vir lisensiebelasting tussen die een-en-dertigste dag van Maart en die een-en-dertigste dag van Oktober in enige jaar bindend is, sal daar 'n lisensiebelasting van eenhonderd pond betaalbaar wees, en behalwe dit 'n lisensiebelasting van tien pond ten opsigte van elke kantoor, ander as die hoofkantoor of hoofagentskap, waarin besigheid op meer as drie dae per week gedrywe word, en vyf pond ten opsigte van elke sodanige kantoor, waarin besigheid op nie meer as drie dae per week gedrywe word nie; en in gevalle waar sodanige verpligting tussen die dertigste dag van September in enige jaar en die eerste dag van April daarop volgende bindend is, sal daar 'n lisensiebelasting van die helfte van die voormelde bedra betaalbaar wees.

(8) Elke bank, wat besigheid as sodanige in die Gebied drywe, word daardeur aanspreeklik vir lisensiebelasting, die bedrag waarvan ooreenkomstig die bepalinge van onderartikel (7) hiervan bepaal sal word, en wat deur die Administrateur deur middel van 'n regsdeding in enige bevoegde hof verhaalbaar sal wees.

(9) Die Administrateur kan te enige tyd enige registrasiesertifikaat kanselleer, as hy oortuig is—

- (a) dat die applikasie vir registrasie, op grond waarvan die sertifikaat uitgereik is, of die informasie, wat sodanige applikasie vergesel, in enige wesenlike besonderheid verkeerd was, of
- (b) dat die bank enige wesenlike bepaling van hierdie Proklamasie oortree het of in gebreke gebly het om dit na te kom, of
- (c) dat die kapitaal en fonds, wat volgens hierdie Proklamasie beskikbaar moet wees, nie langer beskikbaar is nie.

Die kanselering van enige registrasiesertifikaat van enige bank kragtens hierdie onderartikel het die herroeping van enige lisensie deur daardie bank uitgeneem ten gevolge, en sodanige kanselering kan uitgevoer word nieteenstaande die feit dat die boete of boetes, wat kragtens hierdie Proklamasie vir die daad of versuim, waarvoor gekla word, betaalbaar is, dwangsgewyse betaal is.

#### STATE WAT INGESTUUR EN INFORMASIE WAT VERSKAF MOET WORD.

3. (1) Elke bank, wat hierna besigheid in die Gebied begin, moet alvorens hy aldus begin om besigheid te doen, en elke bank, wat alreeds besigheid in die Gebied drywe, moet binne sestig dae na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie by die Registrateur van Maatskappye indien 'n waar afskrif van die wet, oktrooibrief, akte wat die saamstelling van die bank omskryf, akte van oprigting of ander dokument, waardeur die bank gekonstitueer is, en 'n opgawe, waarin die name van die voorsitter en direkteurs aangegee is, en vol besonderhede ten opsigte van die kapitaal van die bank. Die afskrif en opgawe moet geteken en gesertifiseer word—

- (a) as die hoofkantoor van die bank binne die Gebied is, deur twee direkteurs van die bank;
- (b) as die hoofkantoor van die bank buite die Gebied is, deur die hoofagent van die bank in die Gebied.

(2) Elke bank, wat versuim om enige van die bepalinge van hierdie artikel na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens eenhonderd pond te betaal vir elke dag, gedurende welke hy in gebreke bly.

4. (1) Elke bank, wat sy hoofkantoor binne die Gebied het, moet binne veertien dae, en elke bank, wat sy hoofkantoor buite die Gebied het, moet binne sestig dae na die datum van enige verandering of wysiging van die wet, oktrooibrief, akte wat die saamstelling van die bank omskryf, akte van oprigting of ander dokument, waardeur die bank gekonstitueer is, en na die datum van enige vermeerdering of vermindering van sy geoutoriseerde kapitaal by die Sekretaris vir Suidwes-Afrika en by die Registrateur van Maatskappye 'n afskrif indien van sodanige veranderings of wysigings of 'n dokument, waarin die besonderhede van sodanige vermeerdering of vermindering uiteengesit is, onderteken—

- (a) as die hoofkantoor van die bank binne die Gebied is, deur twee direkteurs van die Maatskappy;
- (b) as die hoofkantoor van die bank buite die Gebied lê, deur die hoofagent van die bank in die Gebied,

en 'n behoorlike gesertifiseerde en outentieke afskrif van enige bevel of vonnis van enige hof, wat enige sodanige verandering, wysiging, vermeerdering of vermindering bekragtig het.

(a) in the case of a company incorporated by or under the laws of this Territory, that its paid-up and unimpaired capital and reserve fund amount to not less than fifty thousand pounds, or

(b) in the case of a company incorporated by or under the laws of or by charter issued in a country other than this Territory, that it has made available for its business as a banker in this Territory a sum of not less than one hundred thousand pounds.

(6) The licence referred to in sub-section (1) hereof shall be valid until the thirty-first day of March next ensuing, and shall be issued by the magistrate of the district in which the head office or chief agency of the bank concerned is situate.

(7) Where the liability for licence duty attaches between the thirty-first day of March and the first day of October in any year, there shall be payable a licence duty of one hundred pounds, and in addition a licence duty of ten pounds in respect of every office at which business is carried on other than the head office or chief agency on more than three days a week, and five pounds in respect of every such office at which business is carried on on not more than three days in a week; and where such liability attaches between the thirtieth day of September in any year and the first day of April next ensuing, there shall be payable a licence duty of half the said amounts.

(8) Every bank which carries on business as such in the Territory shall thereby become liable for licence duty, the amount of which shall be determined in accordance with the provisions of sub-section (7) hereof, and which shall be recoverable by the Administrator by action in any competent court.

(9) The Administrator may at any time cancel any certificate of registration if he is satisfied—

- (a) that the application for registration on which the certificate was issued, or the information accompanying such application, was false in any material particular, or
- (b) that the bank has contravened or failed to comply with any material provision of this Proclamation; or
- (c) that the capital and funds required by this Proclamation to be available are no longer available.

The cancellation under this sub-section of any certificate of registration of any bank shall have the effect of revoking any licence taken out by that bank, and such cancellation may be effected notwithstanding that the penalty or penalties payable under this Proclamation for the act or omission complained of have been exacted.

#### RETURNS TO BE RENDERED AND INFORMATION TO BE SUPPLIED.

3. (1) Every bank which hereafter commences business in the Territory shall before so commencing business, and every bank already carrying on business in the Territory shall within sixty days after the taking effect of this Proclamation, lodge with the Registrar of Companies a true copy of the Act, charter, deed of settlement, memorandum of association or other document by which the bank has been constituted, and a statement giving the names of the chairman and directors, and full particulars with regard to the capital of the bank, the copy and statement to be signed and certified—

- (a) if the head office of the bank be within the Territory, by two directors of the bank;
- (b) if the head office of the bank be outside the Territory, by the chief agent of the bank in the Territory.

(2) Every bank which fails to comply with any of the provisions of this section shall be liable to pay a penalty not exceeding one hundred pounds for every day during which it is in default.

4. (1) Every bank having its head office within the Territory shall, within fourteen days, and every bank having its head office outside the Territory shall, within sixty days, after the date of any alteration or amendment of the Act, charter, deed of settlement, memorandum of association or other document by which the bank was constituted, and after the date of any increase or diminution of its authorized capital, lodge with the Secretary for South West Africa and with the Registrar of Companies a copy of such alteration or amendment, or a document setting forth the particulars of such increase or diminution, signed—

- (a) if the head office of the bank be within the Territory, by two directors of the Company;
- (b) if the head office of the bank be outside the Territory, by the chief agent of the bank in the Territory,

and a duly certified and authenticated copy of any order or judgment of any court, which has confirmed any such alteration, amendment, increase or decrease.

Besonderhede wat aan die Registrateur van Maatskappye verskaf moet word.

Bekendmaking van veranderings in die akte, wat saamstelling van die Bank omskryf, ens.

Particulars to be supplied to Registrar of Companies.

Notification of alterations in deed of settlement, etc.

(2) Elke bank, wat versuim om enige van die bepalings van hierdie artikel na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens eenhonderd pond te betaal vir elke dag, gedurende welke hy in gebreke bly.

(2) Every bank which fails to comply with any of the provisions of this section shall be liable to pay a penalty not exceeding one hundred pounds for every day during which it is in default.

Bank wat hoofkantoor buite Gebied het, moet 'n hoofagent aanstel.

5. (1) Elke bank, wat sy hoofkantoor buite die Gebied het, moet alvorens hy begin om besigheid daarin te doen, by die Sekretaris vir Suidwes-Afrika 'n volmag indien, waardeur 'n hoofagent benoem word vir die doeleindes hierinlater genoem. Sodanige volmag moet ooreenkomstig die wet van die Gebied geteken en bekragtig wees, en moet—

5. (1) Every bank having its head office outside the Territory shall, before commencing business therein, lodge with the Secretary for South West Africa a power of attorney appointing a chief agent in the Territory for the purposes hereinafter mentioned. Such power of attorney shall be executed and authenticated in accordance with the law of the Territory, and shall—

Bank having head office outside Territory to appoint chief agent.

- (a) die plek in die Gebied aangee, waarop die hoofagentskap van die bank in die Gebied opgerig moet word;
- (b) die aldus benoemde agent ekspres outoriseer om diening van prosesstukke in al die regsdinge en prosederings teen die bank in die Gebied te ontvang;
- (c) verklaar dat diening van sodanige prosesstukke op die aldus benoemde agent wettig en bindend en in elke opsig 'n goeie diening op sodanige bank sal wees.

- (a) state the place in the Territory at which the chief agency of the bank in the Territory is to be established;
- (b) expressly authorize the agent so appointed to accept service of process in all suits and proceedings against the bank in the Territory;
- (c) declare that service of such process upon the agent so appointed shall be legal and binding and be good service upon such bank in all respects.

Elke sodanige bank, wat by die inwerkingtreeding van hierdie Proklamasie besigheid in die Gebied drywe, moet die voormelde volmag binne sestig dae na die inwerkingtreeding van hierdie Proklamasie indien.

Every such bank which is carrying on business in the Territory at the commencement of this Proclamation shall lodge the power of attorney aforesaid within sixty days after the commencement of this Proclamation.

Wanneer die persoon, wat as hoofagent benoem is, om enige rede ophou om die hoofagent te wees, moet die bank onverwyld 'n ander hoofagent benoem.

Whenever for any reason the person appointed as chief agent ceases to be the chief agent, the bank shall forthwith appoint another chief agent.

(2) Wanneer enige bank, wat sy hoofkantoor buite die Gebied het en besigheid in die Gebied drywe, sy hoofagent in die Gebied of die plek, waarop sy hoofagentskap in die Gebied opgerig is, verander, moet hy 'n nuwe volmag soos hierintevore vermeld indien, waarin besonderhede van enige sodanige verandering of veranderings bevat is, en wat 'n gelyksoortige verklaring aangaande diening van prosesstukke bevat as dié, wat in onderartikel (1) hiervan vermeld is. Elke sodanige bank moet, binne sestig dae na die een-entertigste dag van Desember in elke jaar, 'n verklaring by die Sekretaris vir Suidwes-Afrika indien dat daar geen verandering gemaak is nie ten opsigte van sy hoofagent of van die plek, waarop die hoofagentskap in die Gebied opgerig is, sonder dat sodanige verandering behoorlik bekend gemaak is.

(2) Whenever any bank having its head office outside the Territory, and carrying on business in the Territory, changes its chief agent in the Territory or the place at which its chief agency in the Territory is established, it shall lodge a fresh power of attorney as hereinbefore mentioned, containing particulars of any such change or changes and containing a similar declaration as to service of process to that in sub-section (1) hereof mentioned. Every such bank shall, within sixty days after the thirty-first day of December in each year, lodge with the Secretary for South West Africa a declaration that no change has been made in its chief agent or in the place at which the chief agency in the Territory is established without such change having been duly notified.

(3) Enige bank, wat in gebreke bly om enige bepalings van hierdie artikel na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens tien pond te betaal vir elke dag, waarop hy in gebreke bly.

(3) Any bank which fails to comply with any of the provisions of this section shall be liable to pay a penalty not exceeding ten pounds for every day during which it is in default.

Register van aandeelhouders.

6. (1) Elke bank moet by sy hoofkantoor of hoofagentskap in die Gebied 'n register van sy aandeelhouders tot op datum bygehou opgeplak hou, wat die volgende besonderhede bevat:—

6. (1) Every bank shall keep, posted up to date, at its head office or chief agency in the Territory, a register of its shareholders, containing the following particulars:—

Register of shareholders.

- (a) die naam, adres en beroep van elke aandeelhouer, te saam met die aantal aandele deur hom gehou, elke aandeel onderskei deur sy nommer en deur sy klas of soort, en die bedrag, wat op elke aandeel betaal is;
- (b) die datum, waarop die naam van enige persoon in die register as aandeelhouer ingeskryf is;
- (c) die datum, waarop enige persoon opgehou het om 'n aandeelhouer te wees.

- (a) the name, address and occupation of every shareholder, together with the number of shares held by him, each share being distinguished by its number and by its class or kind, and the amount paid on each share;
- (b) the date at which the name of any person was entered in the register as a shareholder;
- (c) the date at which any person ceased to be a shareholder.

Enige bank, wat in gebreke bly om die bepalings van hierdie onderartikel na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens vyf pond te betaal vir elke dag, gedurende welke die versuim voortduur.

Any bank failing to comply with the provisions of this sub-section shall be liable to pay a penalty not exceeding five pounds for every day during which the default continues.

(2) Die voormelde registers moet gedurende besigheidsure gratis oop wees vir die inspeksie van enige aandeelhouer van die bank, en moet vir die inspeksie van enige persoon oop wees na betaling van twee sjelings en siks-pens of sodanige minder som as die bank mag voorskrywe, onderhewig aan sodanige redelike restriksies as die bank mag ople, sodat nie minder nie as twee ure op elke dag vir inspeksie toegelaat is.

(2) The said register shall be open to the inspection of any shareholder of the bank, gratis, and shall be open to the inspection of any other person, on the payment of two shillings and sixpence, or such less sum as the bank may prescribe, during business hours, subject to such reasonable restrictions as the bank may impose, so that not less than two hours in each day be allowed for inspection.

(3) Op aansoek moet die bank of enige persoon voorsien van 'n afskrif van of uittreksel uit die register na betaling van een sjeling of sodanige minder som as die bank mag voorskrywe, vir elke honderd woorde of breukdeel daarvan van die benodigde afskrif of uittreksel, of hy moet aan sodanige persoon voldoende fasiliteite verleen vir die maak van sodanige afskrif of uittreksels.

(3) The bank shall on application either furnish any person with a copy of or extracts from the register on payment of one shilling, or such less sum as the bank may prescribe, for every hundred words or fractional part thereof of the required copy or extracts, or afford to such person adequate facilities for making such copy or extracts.

(4) As enige inspeksie, afskrif, uittreksel of fasiliteite om 'n afskrif of uittreksels op grond van hierdie artikel vereis te maak geweier of onbehoorlik vertraag word, is die bank skuldig aan 'n oortreding en staan hy na skuldigbevinding vir elke weiering of onbehoorlike vertraging bloot aan 'n boete van hoogstens twee pond vir elke dag, gedurende welke die weiering of onbehoorlike vertraging voortduur. Die hof, wat enige bank aldus skuldig vind, of die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika kan op 'n mosie gelas dat 'n geleentheid gegee word om die register te inspekteer, of om die afskrif of uittreksel te verskaf of dat fasiliteite verleen word om dit te maak.

(4) If any inspection, copy, extract, or facilities for making a copy or extracts, required under this section, be refused or unduly delayed, the bank shall be guilty of an offence and liable, on conviction, for each refusal or undue delay, to a fine not exceeding two pounds for every day during which the refusal or undue delay continues. The court so convicting any bank, or the High Court of South West Africa on motion, may order the granting of an opportunity to inspect the register or the furnishing of the copy of extract or the affording of facilities for making the same.

(5) As bewys na genoë van die Administrateur gelewer word dat enige maatskappy die besigheid van 'n bankier in hierdie Gebied drywende, wat nie op grond van die Maatskappy Ordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 19 van 1928) geïnkorporeer is nie, en wat die besigheid van 'n bankier in die Unie van Suid-Afrika drywe, in sy hoofkantoor of hoofagentskap in die Unie 'n register of 'n afskrif van 'n register hou, wat substansieel die besonderhede uiteengesit in onderartikel (1) van hierdie artikel bevat, en sodanige register of afskrif ten minste een keer in elke jaar tot op datum bygehou opplak, moet hy daardie bank deur skriftelike sertifikaat, wat deur die Sekretaris vir Suidwes-Afrika

(5) If proof is produced to the satisfaction of the Administrator that any company carrying on the business of a banker in this Territory which is not incorporated under the Companies Ordinance, 1928 (Ordinance No. 19 of 1928), and which carries on the business of a banker in the Union

geteken moet word, vrystel van die nakoming van die bepalinge van onderartikels (1), (2) en (3) gedurende 'n tydperk, wat in die sertifikaat aangegee moet word. Die genoemde bewys kan gelewer word in die vorm van 'n verklaring geteken deur die hoofagent van die bank in die Gebied of in enige ander vorm of op enige ander metode, soos die Administrateur vereis. Elke aldus vrygestelde bank moet op aansoek vir enige persoon 'n afskrif van of uittreksels uit die register of afskrif van die register aldus in die Unie gehou kry en dit aan hom lewer nadat betaling geskied is volgens 'n tarief voorgeskryf by of kragtens onderartikel (3), en as die bank weier of onbehoorlik aarsel om enige sodanige afskrif of uittreksel te verkry of te lewer, is hy skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan die straf voorgeskryf by onderartikel (4). Die hof wat enige bank aldus skuldig vind, of die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika kan op 'n mosie gelas dat die bank die afskrif of uittreksel verkry en lewer.

Maandelikse State.

7. (1) Elke bank, wat besigheid in die Gebied drywe, moet aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika 'n staat (hierina- later beskryf as die maandelikse staat) verskaf, opgestel tot die datum van die sluiting van besigheid in elke maand, aantonnende—

- (a) die bedrag van die bank se note uitgereik in en betaalbaar in die Gebied en in omloop;
- (b) afsonderlik die bedrae van die op aanvraag opvorderbare verpligings en tydverpligings teenoor die publiek in die Gebied;
- (c) afsonderlik die staafgoud, goudmunt en subsidiêre munt in die Gebied gehou;
- (d) die bedrag van note van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in die Gebied gehou;
- (e) die totale bedrag van voorskotte en diskontos in die Gebied.

(2) Die maandelikse staat moet gesertifiseer word deur die algemene bestuurder en die hoofrekenmeester van die bank in die Gebied of deur die hoofagent en die rekenmeester van die hoofagentskap van die bank in die Gebied, soos die geval mag wees, of deur die amptenare, wat in daardie hoedanigheid ageer, en moet ingedien word by die voormelde Sekretaris binne een-en-twintig dae na die datum, tot welke hy opgestel is. Die voormelde Sekretaris kan, as dit blyk dat omstandighede dit vereis, die tydperk verleng, gedurende welke enige opgawe ingedien moet word.

(3) Die voormelde Sekretaris moet 'n opsomming van elke maandelikse staat vir elke bank in die *Offisiële Koerant* laat publiseer.

(4) (a) Elke bank, wat in gebreke bly om in enige opsig die vereistes van onderartikels (1) en (2) hiervan na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens tien pond vir elke dag, gedurende welke hy in gebreke gebly het, te betaal.

(b) Enige amptenaar van enige bank, wat enige sodanige opgawe onderteken, wat enige item bevat, waaromtrent sodanige amptenaar weet dat hy verkeerd of misleidend is, is aan 'n oortreding skuldig en na skuldigbevinding blootgestel aan die straf, wat volgens wet weens die misdaad van bedrog opgelê mag word.

Kwartaalse opgawe.

8. (1) Elke bank, wat besigheid in die Gebied drywe, moet aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika verskaf—

- (a) 'n opgawe (hierina- later beskryf as die kwartaalse opgawe) aangaande die bate en laste van sy kantore binne die Gebied aan die end van die laaste besigheidsdag van elkeen van die kwartale eindigende op die een-en-dertigste dag van Maart, die dertigste dag van Junie, die dertigste dag van September en die een-en-dertigste dag van Desember in elke jaar. Sodanige opgawe moet wees in die vorm uiteengesit in die Bylae van hierdie Proklamasie;
- (b) 'n afskrif van die jaarlikse of halfjaarlikse opgawe van sy sake, wat aan sy aandeelhouers voorgelê is.

(2) Die kwartaalse opgawe moet gesertifiseer en geteken word deur die persone gespesifiseer in onderartikel (2) van artikel *sewe*, en moet by die voormelde Sekretaris ingedien word binne sestig dae na die dag, waarop sodanige opgawe betrekking het. Sodanige opgawe moet ook ongeplak word op enige opsigtige plek in elke kantoor van die bank in die Gebied. Die afskrif van die jaarlikse of halfjaarlikse opgawe aan die aandeelhouers voorgelê moet as 'n waar afskrif gesertifiseer en onderteken word deur die algemene bestuurder van die bank in die Gebied of deur die hoofagent van die bank in die Gebied, soos die geval mag wees en moet aan die voormelde Sekretaris oorgestuur word, sodra dit deur die ouditeurs van die bank gesertifiseer is. Die voormelde Sekretaris kan, as dit blyk dat omstandighede dit vereis, die tydperk verleng gedurende welke enige opgawe ingedien of oorgestuur moet word.

(3) Die voormelde Sekretaris moet 'n opsomming van elke kwartaalse opgawe vir elke bank in die *Offisiële Koerant* laat publiseer.

(4) (a) Elke bank, wat in gebreke bly om die vereistes van onderartikels (1) en (2) hiervan in enige opsig na te kom, is verplig om 'n boete van hoogstens vyftig pond te betaal vir elke dag, gedurende welke hy in gebreke bly.

(b) Enige amptenaar van enige bank, wat enige sodanige opgawe onderteken, wat enige item bevat, waaromtrent sodanige amptenaar weet dat hy verkeerd of misleidend is, is skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan die straf, wat volgens wet weens die misdaad van bedrog opgelê mag word.

of South Africa, keeps at its head office or chief agency in the Union a register or a copy of a register containing substantially the particulars set forth in sub-section (1) of this section, and posts such register or copy up to date at least once in every year, he shall by written certificate to be signed by the Secretary for South West Africa exempt that bank from complying with the provisions of sub-sections (1), (2) and (3) during a period to be stated in the certificate. The proof referred to may be furnished in the form of a declaration signed by the chief agent of the bank in the Territory or in any other form or by any other method, as the Administrator requires. Every bank so exempted shall on application obtain for and supply to any person a copy of or extracts from the register or copy of register so kept in the Union on payment at the rate prescribed by or under sub-section (3), and if the bank refuses or unduly delays to obtain and supply any such copy or extract, it shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to the punishment prescribed by sub-section (4). The court so convicting any such bank, or the High Court of South West Africa on motion, may order the bank to obtain and supply the copy or extract.

Monthly returns.

7. (1) Every bank carrying on business in the Territory shall furnish to the Secretary for South West Africa a return (hereinafter described as the monthly return) made up to the date of the close of business in every month, showing—

- (a) the amount of the bank's notes issued in and payable in the Territory and in circulation;
- (b) separately the amounts of the demand and time liabilities to the public in the Territory;
- (c) separately the gold bullion, gold coin and subsidiary coin held in the Territory;
- (d) the amount of South African Reserve Bank notes held in the Territory;
- (e) the total amount of advances and discounts in the Territory.

(2) The monthly return shall be certified and signed by the general manager and the chief accountant of the bank in the Territory or by the chief agent and the accountant of the chief agency of the bank in the Territory, as the case may be, or by the officers acting in those capacities, and shall be lodged with the said Secretary within twenty-one days after the date to which it is made up. The said Secretary may, if circumstances appear to require it, extend the period during which any statement is required to be lodged.

(3) The said Secretary shall cause a summary of every monthly return for each bank to be published in the *Gazette*.

(4) (a) Every bank which fails to comply in any respect with the requirements of sub-sections (1) and (2) hereof shall be liable to pay a penalty not exceeding ten pounds for every day during which it is in default.

(b) Any officer of any bank who signs any such statement containing any item which such officer knows to be false or erroneous shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment which by law may be imposed for the crime of fraud.

8. (1) Every bank carrying on business in the Territory shall furnish to the Secretary for South West Africa—

Quarterly statements.

(a) a statement (hereinafter described as the quarterly statement) of the assets and liabilities of its offices within the Territory at the close of the last business day of each of the quarters ending on the thirty-first day of March, the thirtieth day of June, the thirtieth day of September and the thirty-first day of December in every year. Such statement shall be in the form set out in the Schedule to this Proclamation;

(b) a copy of the annual or half-yearly statement of its affairs submitted to its shareholders.

(2) The quarterly statement shall be certified and signed by the persons specified in sub-section (2) of section *seven*, and shall be lodged with the said Secretary within sixty days after the day to which the statement relates. Such a statement shall also be posted in some conspicuous place in every office of the bank in the Territory. The copy of the annual or half-yearly statement submitted to shareholders shall be certified as a true copy and signed by the general manager of the bank in the Territory or by the chief agent of the bank in the Territory, as the case may be, and shall be transmitted to the said Secretary as soon as it is certified by the auditors of the bank. The said Secretary may, if circumstances appear to require it, extend the period during which any statement is required to be lodged or transmitted.

(3) The said Secretary shall cause a summary of every quarterly statement for each bank to be published in the *Gazette*.

(4) (a) Every bank which fails to comply in any respect with the requirements of sub-sections (1) and (2) hereof shall be liable to pay a penalty not exceeding fifty pounds for every day during which it is in default.

(b) Any officer of any bank who signs any such statement containing any item which such officer knows to be false or erroneous shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment which by law may be imposed for the crime of fraud.

Administrateur kan informasie of spesiale staat eis.

9. (1) Die Administrateur kan verlang dat enige bank, wat besigheid in die Gebied drywe, hom enige informasie of spesiale staat verskaf, wanneer volgens sy oordeel sodanige informasie of staat nodig is om 'n vol en komplette kennis van die bank se toestand te gee.

(2) Sodanige informasie en staat moet gesertifiseer en geteken word deur die persone gespesifiseer in onder-artikel (2) van artikel sewe, en moet by die Sekretaris vir Suidwes-Afrika ingedien word binne tien dae na die datum van die aanvraag daarvoor deur die Administrateur, vir sover dit sake met betrekking tot die besigheid van die bank binne die Gebied aangaan, en binne sestig dae, vir sover dit sake met betrekking tot die besigheid van die bank buite die Gebied aangaan. Die Administrateur kan in sy diskresie die tydperke in hierdie onderartikel genoem verleng.

(3) (a) Elke bank, wat in gebreke bly om enige sodanige aanvraag deur die Administrateur op die wyse en binne die tyd deur hierdie artikel vereis na te kom, sal verplig wees om 'n boete van hoogstens vyftig pond te betaal vir elke dag, gedurende welke hy in gebreke bly.

